



hou KOERS!

WWW.VOORTREKKERS.CO.ZA



95 jaar lank al relevant - lekker verjaar ou maat!

Op 30 September is Die Voortrekkers 95 jaar oud. Lig laat nie altyd die donker verdwyn nie. Soms wys dit bloot die volgende tree. Vir 95 jaar het Voortrekkers dié lig van geslag tot geslag gedra as 'n herinnering dat ons lewe meer beteken wanneer ons iets van onself vir ander gee. Elke hand wat help, elke jongmens wat moed kies, elke mens wat hoop bring waar daar twyfel is, laat 'n klein ligspoor agter.

Miskien is dit wat dit beteken om 'n Voortrekker te wees: om te besef dat die wêreld nie verander word deur groot woorde nie, maar deur mense wat bereid is om die lig te dra wanneer dit donker raak. Ons vier 95 jaar - maar ons grootste nalatenskap lê nie agter ons nie. Dit lê in die lig wat ons vandag aansteek, en wat môre deur iemand anders verder gedra sal word. Veels geluk, Voortrekkers!



KampvuurKEKKEL vier twee jaar!

Twee jaar gelede het die KampvuurKEKKEL sy eerste vonk geskiet en sedertdien het dié digitale maandblad 'n plek geword waar Voortrekkers se stories, idees, mense en avonture bymekaar kom. Van goeie nuus tot inspirerende projekte en besonderse prestasies: elke uitgawe vertel iets van wie ons is en waarvoor ons staan.

Nou, op sy tweede verjaardag sê ons dankie aan elke leser, deelnemer en bydraer. Dit is lekker om ons nuus te deel. Laat weet ons gerus of jy die KampvuurKEKKEL geniet en of ons iewers kan verbeter: bemaking@voortrekkers.co.za

Kom ontdek die wêreld van Die Voortrekkers!

Op 24 September 2026 maak Die Voortrekkers hul deure oop by die Voortrekkermonument as deel van die Erfenisfees. Van 08:00 tot 16:00 kan oud en jonk kom kuier, ontdek en ervaar wat dit beteken om deel van 'n beweging te wees wat al 95 jaar lank jongmense toerus. Met topvermaak, talle stalletjies en 'n dag propvol kultuur en erfenis is daar iets vir die hele gesin. Kom ontmoet ons, leer meer oor Die Voortrekkers en ontdek dat avontuur, vriendskap, kultuur en diensbaarheid steeds 'n plek het in 'n moderne wêreld.

- R50 per persoon (Sluit vermaak, erfenisheffing en parking in)
- Kinders onder 6 kuier gratis
- Topkunstenaars, 200 stalletjies, en hope meer!
- Bespreek vandag nog by: vtm.org.za/erfenisfees



Boomplantweek – plant vandag vir môre

1 - 7 September 2026 is Boomplantweek in Suid-Afrika. Die boom van die jaar vir 2026 is die olienhoutboom.

Vir Die Voortrekkers is dit meer as net om 'n boom in die grond te plant. Dit is 'n geleentheid om jongmense te leer om verantwoordelikheid te neem, die natuur te waardeer en vandag iets te doen wat ook môre waarde het.

Of dit nou 'n enkele boom by 'n Voortrekkerterrein, skool of in die gemeenskap is, stuur vir ons 'n foto en kort berig van waar julle 'n boom plant na bemaking@voortrekkers.co.za



September 2026

**VOORTREKKERS
AS LIGDRAERS
IN DIE WÊRELD**





September 95 Jaar!

Die Voortrekkers se lig versprei verder



Die Voortrekkers se lig brand nou ook in Australië! Met die stigting van 'n nuwe losstaande span daar, kry ons beweging 'n nuwe tuiste duisende kilometers van Suid-Afrika af. Ons verwelkom die nuwe span hartlik binne die Voortrekkerfamilie en sien uit na die voetspore wat hulle in Australië sal laat. Mag die lig van die Voortrekkers daar helder brand en steeds verder versprei.



Die Voortrekkers het vanjaar geskiedenis gemaak met die eerste internasionale kettieskietkompetisie waaraan Voortrekkers uit Suid-Afrika, Namibië en Nieu-Seeland deelgeneem het.

Die kompetisie het 'n indrukwekkende 102 inskrywings gelok: 50 uit Suid-Afrika, 36 uit Namibië en 16 uit Nieu-Seeland.

Wat hierdie kompetisie besonder spesiaal gemaak het, was die gees van deelname. Kommando's het spesiaal dae gereël waarop die kompetisie aangebied is, en selfs ouers het ingespring en mekaar uitgedaag. Alhoewel baie van die tellings baie naby aan mekaar was, was die grootste wenner die genot, deelname en saamkuier wat deur die projek geskep is.

Ons kondig met trots die weners van elke ouderdomsgroep aan:

- Onder 8: Liebe du Plessis – SA – Riversdal, Helderqua-oord, Kaapland
- Onder 11: Roux van Schalkwyk – Namibië – Windhoek Schlengemann
- Onder 13: Alexander Hough – SA – Vader Visser, Bloemfontein
- Onder 16: JC le Roux – SA – Brandkop, Bloemfontein
- Onder 18: Conrad Botha – SA – Voorslag, Bloemfontein
- Ope: Theané van der Walt – SA – Brandkop, Bloemfontein
- Veteraan: Henk le Roux – SA – Brandkop, Bloemfontein

© Algehele wenner: Henk le Roux met 'n uitstekende telling van 87 punte!

Elke ouderdomsgroep se wenner ontvang 'n R500-geskenkbewys van die Voriemôl.

Baie dankie aan elke deelnemer, ouer, leier en kommando wat hierdie eerste internasionale kettieskietkompetisie moontlik gemaak het.


Ons sien reeds uit na volgende jaar. Tot dan – hou aan oefen!



Het jy geweet?

Wanneer daar na “donker, poleerbare skoene” saam met volwasse formele drag verwys word, gaan dit oor eenheid en eenvormigheid wanneer ons as Voortrekkers byeenkom.

Die dra van unieke skoene dra nie by tot hierdie eenvormigheid nie. Laat ons daarom almal eenvormig saamstaan in ons formele drag.



ADAM TAS
BESPREKINGS
LEWENDIG. EG. ONVERGEETLIK.
Dis nie net 'n optrede nie...
DIS 'N ERVARING!
KONTAK ONS VANDAG NOG VIR 'N KWOTASIE!
FEESTE
SKOOLFUNKSIES
FONDSINSAMELINGS
MANNE-AANDE
INFO@ADAMTAS.CO.ZA
063 174 1600

Nuut vir September

Hier is 'n paar nuwe begeleidingsbane en 'n nuwe lied.

- Trekkemaat
- Wat maak 'n trekker
- Dis lekker by Die Voortrekkers
- Wat maak jy met 'n snywond
- Vader Visser

Vind nou ook *Hartsnaar* op verskeie platforms.



September se hulpmiddel is 'n lekker soektog. Klik op die prent en speel.



Projek Ligpunt

Vir meer inligting klik op die embleem.

